# MONTAGU-NAWEEK 2025

| ROETE: | Drie Watervalle (8/3) en Aasvoëlkrans (9/3) | DATUM: | 8 tot 9 Maart 2025 |
|---|---|---|---|

## KOMMENTAAR

Twintig stappers het Vrydag in Montagu se karavaanpark byeengekom en verrigtinge is met 'n gesellige braai afgeskop. Almal se vleis het min of meer eetbaar anderkant uitgekom (hopelik). Teen 9-uur se kant het moegheid, die ligfaktor en die wete dat ons vroeg sou begin die volgende dag (met wesenlike hitte voorspel), gelei tot 'n besluit om die "Montagu Spanspel" eerder die Saterdagmiddag te laat gebeur. Teen 7:00 die Saterdagoggend was almal slaggereed en het ons van die oord af te voet vertrek na waar die Bloupunt-roete begin. Oppad het 'n blouhuis se omstrede naam gelei tot enkele opmerkings. Ons is ook verby die Eyssen Huys wat 'n nasionale gedenkwaardigheid is. Die wolkskadu het gehelp vir die eerste helfte van hierdie stap, wat in totaal ongeveer 30% van Blou Punt behels. Ons is talle kere kruis-en-dwars oor die rivierstroompies. Die kloof met majestieuse berge alom het almal opnuut verstom. 'n Paar bokkies teen die rotse op het bygedra tot die wete dat jy in die hart van die natuur is. By die eerste waterval is vlugtig gestop maar daarna het hindernisse (veroorsaak deur November se groot reëns) ons verhoed om af te draai na die tweede waterval genaamd die Vlermuis-valle. Tien van die twintig het kans gesien om op te klouter na die Silver Stream waterval en die ander groepie het gaan uitspan terug langs en naby die eerste waterval. Daar het 'n enkele dapper stapper (Suza) gaan afkoel in die poel! Toe die groep weer konsolideer was die son met mening uit en enige skadu langs die pad welkom. Ons het naastenby 12:30 weer die oord bereik, almal meer as reg vir afkoel in die swembad. Na uur of twee se eietyd het die Montagu Spanspel toe plaasgevind. Moere (die staalsoort) is gestapel, balletjies gehop na 'n emmer, water vervoer met 'n vergiettes en die met langasems moes Skittels met 'n strooitjie rondbeweeg. Laastens moes al vyf spanne 'n Weskaapse dorp ontsyfer deur letters te skommel. Drie spanlede werk dalk beter as vier (of dit help om die jongste en "mees volwasse" stapper in jou geledere te hê) want die Diva's (Beulagh, Netarie en Gerna) het gewen. Teen laatmiddag is ons te voet deur Montagu se strate en het die argitektuur van die dorpie geniet. Die Diva's het hul prys ontvang by die Country Hotel - 'n Cadillac-rit met toergids/chauffeur en sjampanje op die huis! Die minder gelukkiges het ontspan met 'n drankie by die hotel se Flatcaps & Feathers, waarna party gaan braai het en die ander het iets gaan nuttig by Route 62 Brewing Company. Die sosiale sy van aktiwiteite het dalk bygedra daartoe dat net twaalf van die twintigtal kans gesien het vir Sondagoggend se 5km stap. Aasvoëlkrans, die koppie op regterhand net soos mens Montagu binnekom van Ashton af, is uitgeklim en die 400m plus se oppe en affe het ons genoeg laat sweet. Nietemin was ons teen 9:30 klaar en kon almal gaan oppak en die pad huiswaarts (of ooswaarts vir Kobus en Edna) aandurf. Dankie aan almal vir saamloop, saamkamp en saamkuier. Totale afstand en hoogtes word, agv van die buigsaamheid met stappe, apart verstrek.

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Pohl, Freddie | 090/2025 | R 10 | 17 | Klimhoogte=534m |
| Pohl, Susan | 091/2025 | R 10 | 17 | Klimhoogte=534m |
| Keulder, Beulagh | 051/2025 | R 10 | 19 | Klimhoogte=886m |
| Le Roux, Magda | 124/2025 | R 10 | 19 | Klimhoogte=886m |
| Terblanche, Kobus | 041/2025 | R 10 | 17 | Klimhoogte=534m |
| Terblanche, Edna | 040/2025 | R 10 | 19 | Klimhoogte=886m |
| Pienaar, Danie | 085/2025 | R 10 | 12 | Klimhoogte=110m |
| Pienaar, Susan | 086/2025 | R 10 | 12 | Klimhoogte=110m |
| Van Zyl, Elvin | 155/2025 | R 10 | 12 | Klimhoogte=110m |
| Van Zyl, Carine | 156/2025 | R 10 | 12 | Klimhoogte=110m |
| Van Eck, Arie | 148/2025 | R 10 | 19 | Klimhoogte=886m |
| Van Eck, Arina | 147/2025 | R 10 | 19 | Klimhoogte=886m |
| Hough, Gerna | 131/2025 | R 10 | 19 | Klimhoogte=886m |
| Matthee, Amanda | 045/2025 | R 10 | 12 | Klimhoogte=110m |
| Swart, Michelle | 153/2025 | R 10 | 14 | Klimhoogte=462m |
| Arangies, Riana | 146/2025 | R 10 | 12 | Klimhoogte=110m |
| Myburgh, Miranda | 092/2025 | R 10 | 17 | Klimhoogte=886m |
| Van Rensburg, Alana | 075/2025 | R 10 | 17 | Klimhoogte=534m |
| Verwey, Netarie | 135/2025 | R 10 | 19 | Klimhoogte=886m |
| Pieterse, Sinmarie | 082/2025 | R 10 | 14 | Klimhoogte=462m |
| Visser, Niel | | | | Onttrek agv Niel se ma |
| Visser, Sharon | | | | se afsterwe. |
| TOTALE: | | R 200 | 318 | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | NVT |
|---|---|
| ITEMS GEBRUIK: | Geen |

| NAME OP WAGLYS | |
|---|---|
| Matilda le Roux | Amanda Kapp |
| Estelle en Mike Smuts | Waldemar Smuts |

| VERSLAG DEUR: | Freddie Pohl |
|---|---|